LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 1/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Uniek

Dit is vir ons lekker om u terug te verwelkom in 2026. Ons is baie opgewonde oor wat 2026 vir ons gaan inhou. Ons wil u graag uitnooi om deel te wees van die skool, wees teenwoordig. Kinders moet deelneem aan die verskillende aktiwiteite en ouers moet waar moontlik op die pawiljoen wees om die kinders aan te moedig. Akademie bly die belangrikste en ons kinders moet so goed as moontlik op akademiese gebied presteer, maar dit is die ander aktiwiteite wat skool lekker maak. Kinders geniet dit om saam met maats te wees, en die verskillende aktiwiteite skep die geleentheid. Dit is vir ons baie lekker as die oumas en oupas ook die kinders by die skool kom ondersteun en hulle aanmoedig. Ek wonder of ons soms vergeet, God het nie kleinkinders nie net kinders. Wanneer God hom aan Jakob bekend stel, stel Hy hom voor as, " Ek is die Here, die God van jou voorvader Abraham en die God van Isak." Hy sê as te ware, Ek is ook jou God Jacob. Jesus was oppad na die joodse leier se dogtertjie wat dood was te gaan genees. Op hierdie pad het 'n vrou wat al 12 jaar aan bloedvloeïng gely het aan die soom van sy rok geraak en sy het dadelik gesond geword. Wat noem Jesus haar? My dogter! Romeine 8:16 – 17: "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus." 'n Goeie pa verlang na 'n verhouding met sy kinders. Kinders verlang ook na 'n verhouding met hul pa. As ons dan God se kinders is, moet ons nie ook daarna verlang om 'n behoefte aan hom te hê nie? Mag u geliefd voel hierdie jaar, geliefd en veilig soos kinders onder hulle pa se arms. Die wonderlike voorreg om dit te te kan ervaar is onbeskryflik.

## Goegieland

Welkom by Goegieland! Die nuwe skooljaar het amptelik begin en ons is baie opgewonde om al ons nuwe Goegies te verwelkom. Ons sien uit na 'n jaar vol groei, leer en baie pret.

**Oueraand:** Ouers word vriendelik uitgenooi na ons oueraand op: Maandag, 19 Januarie 2026 om 17:30 in elke kleuter se voogklas. Dit is 'n belangrike geleentheid om mekaar te ontmoet en belangrike inligting vir die jaar te deel. Ons vra asseblief dat u alternatiewe toesig sal reël vir kleuters aangesien daar baie inligting gedeel gaan word en daar nie toesig vir maats sal wees nie.

**Ontbyt:** Dit is baie belangrik dat maats reeds ontbyt by die huis eet. Ons eet eers vir die eerste keer by die skool rondom 09:00, en 'n goeie ontbyt help met konsentrasie en energie.

**Oggend-reëlings (voor 07:00):** Vir maats wat voor 07:00 arriveer, is daar wagklasse beskikbaar:

- Graad R: Leeutjie-klas
- Graad 00 & Graad 000: Kuikenklas (Gr 00 en 000 naskoolklas)

**Skeidingsangs en aflaai – 'n paar wenke:** Skeidingsangs is heeltemal normaal, veral aan die begin van die jaar. Probeer asseblief om afskeid kort, rustig en positief te hou. 'n Vinnige drukkie, 'n glimlag en 'n vaste "Ek sien jou later" help meer as 'n lang afskeid. Vertrou die juffrouens – kinders kalmeer dikwels vinnig sodra ouers uit sig is. Baie dankie vir julle samewerking en vertroue. Ons sien uit na 'n wonderlike jaar saam met julle en ons Goegies. Groete uit Goegieland.

## Week se Program

### 19 Januarie 2025

- **Oueraand: Gr. 000 tot 3**
  **17:30 tot 18:30 in voogklas**

### 20 Januarie 2025

- **Oueraand: Graad 4**
  **17:00 tot 17:45 in skoolsaal**
- **Oueraand: Graad 5**
  **17:00 tot 17:45 in Personeelkamer**
- **Oueraand: Graad 6**
  **18:00 tot 18:45 in skoolsaal**
- **Oueraand: Graad 7**
  **18:00 tot 18:45 in Personeelkamer**

### 23 Januarie 2025

- **Atletiek: LS Standerton**

### 24 Januarie 2025

- **Rugbyproewe o/9 tot 1stes**
- **Netbalproewe o/11 tot o/13**

**Knipmesbraai Google-Vorm**



## Drama

Drama WhatsApp

Welkom terug! Ons is baie opgewonde oor die jaar se drama, aangesien dit 'n Eisteddfod-jaar is en een baie bedrywige jaar gaan wees. Ongelukkig is daar 'n beperkte aantal plekke in die dramaklub. Oudisies vind plaas tussen 26 tot 29 Januarie 2026. Leerders moet asseblief 'n gedramatiseerde gedig (gedig / rympie met bewegings) voorberei (memoriseer en opsê) vir die oudisies. Tye vir die oudisies gaan op die drama groep vasgemaak word. Druk op die volgende skakel om aan te sluit op die groep.

## Atletiek

Die atletiekseisoen is in volle gang! Hierdie Saterdag vind ons eerste Interhuisbyeenkoms plaas by die Secunda Stadion. Enige maat is welkom om deel te neem en 'n kans te kry om vir die atletiekspan te kwalifiseer. Na die interhuisbyeenkoms mag leerders slegs aan 3 items deelneem. Indien jy vir meer as 3 items gekwalifiseer het, moet jy asseblief Maandag vir Juffrou Roux-Maryn kom sê watter items jy gaan los. Let wel: Slegs o/12- en o/13-leerders mag aan spiesgooi of diskus as 'n 4de item deelneem. Atletiekoefeninge begin Dinsdag vir leerders wat 1ste tot 3de plekke behaal het tydens die Interhuisbyeenkoms. Ons sien uit na 'n opwindende atletiekseisoen!

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**




| 19 Jan | 20 Jan | 21 Jan | 22 Jan | 23 Jan | 24 Jan | 25 Jan |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Janeke du Plessis<br>Amilia Viljoen | Zéke Laas<br>Durant Breytenbach<br>William Phillips<br>Chris Coetzer<br>James Mathews<br>Jason Stratford | Marnitz Visser | Llené v Jaarsveld<br>Renette Reyneke<br>Reinhardt Reyneke<br>Throdin Schroeder | Wian Barnard | Amira Langenhoven<br>Kay-Lee Smit | Mikayla Smit |

# Aanlynklerewinkel

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

## Dis so maklik soos... 1 2 3

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling